BYBELSTUDIE HEBREËRS 9:1-10.

A. OPSOMMING.

In Hebreërs 9:1-10 stel die skrywer die erediens van die Ou Testament teenoor die erediens van die Nuwe Testament [9:11-28]. Hy verduidelik dat die oormatige vormgodsdiens die probleem van die Ou Testamentiese Tempeldiens was. Twee sake geniet aandag:

- Die betekenis van die tabernakel self;
- Die voorskrifte tydens 'n erediens;

♦ Die *aardse heiligdom* waarvan gepraat word verwys nie na die tempel nie, maar na die Tabernakel. Daarom praat vers 2 van die *verbondstent*.

♦ Vanaf vers 2 word die Tabernakel deur die skrywer beskryf, en wel volgens Eksodus 25-30 en 36-40.

♦ *Die Kandelaar* [2], met sy brandende vlam, het in die Heilige deel van die tabernakel gestaan.

♦ *Die Tafel met offerbrode* het ook in die Heilige gestaan. Dit is spesiaal met fynmeel gebak en in groepe van ses gepak. Dit is elke Sabbat vervang. Hierdie brode het Israel se dankbaarheid teenoor God se sorg vir die volk uitgebeeld.

♦ Die Heilige en Allerheiligste [3] van die Tabernakel is deur die *tweede voorhangsel* van mekaar geskei. Die eerste voorhangsel was by die ingang van die Heilige [Eks.35:17; 40:33]. Vir Hebreërs is die tweede voorhangsel baie belangrik, aangesien dit toegang tot God se teenwoordigheid afgesper het.

Die Allerheiligste, met die verbondsark daarin [4], was vir die Israeliete die belangrikste plek op aarde. Dit was die ontmoetingspunt tussen God en mens – die plek waar God sy aardse woning gevestig het. Daar kon slegs 'n hoëpriester een keer per jaar binnegaan. Die hooffokus in die Allerheiligste was die ark waarin *die goue kruik met manna, die kierie van Aäron en die plat klippe met die wet van die verbond* (4) – dit is die 10 gebooie – geplaas was.

Die *versoendeksel* [5] bo-op die ark was van suiwer goud. Twee goudbedekte gerubs het weerskante van die deksel gestaan en daarop afgekyk [Eks.25:17-21; 37:6-9]. Dit was meer spesifiek die plek waarop God se teenwoordigheid gerus het [vgl.Eks.25:22; 40:34].

Hebreërs se plasing van die *wierookaltaar* [4] in die Allerheiligste is ietwat van 'n probleem. Volgens Eksodus 40:26 het dit in die Heilige gestaan. Daar was egter 'n sekere Joodse tradisie wat die wierookaltaar wel na die Allerheiligste geskuif het. Heel moontlik volg die skrywer van Hebreërs hierdie tradisie. Waarom? Omdat die skrywer van Hebreërs heelwat klem lê op die skoonheid en prag van die Allerheiligste. Alles van suiwer goud wat die heerlikheid van God beklemtoon [5], word in die Allerheiligste ‘geplaas’. Die simboliek van die Allerheiligste is vir Hebreërs baie belangrik. Waarom? Omdat dit vir hom 'n

afbeelding is van die nog heerliker hemelse heiligdom waar God sy eintlike woning het en waar ons groot Hoëpriester diens doen. Anders gestel:

- Indien ons Hebreërs reg verstaan, lyk dit asof daar vir die skrywer nie meer 'n heilige in die hemel is nie maar net 'n Allerheiligste.
- Die wierookaltaar was egter nog steeds vir hom belangrik. Daarom moes hy dit in die Allerheiligste plaas.

Maar waarom juis die wierookaltaar [en nie die goue altaar of tafel met offerbrode nie]? Ons moet onthou dat daar vir Israel 'n sterk band was tussen die wierookoffer en gebed [vgl.Ps.141:2; Luk.1:10]. Ook in Openbaring is die reukofferaltaar en gebed intiem met mekaar verbonde [8:3-5]. Daarom dat Hebreërs ons gebede en aanbidding as 'n reukoffer voor die troon beskou *en dat hierdie reukoffer, omdat dit in die Allerheiligste gebring word, God direk bereik*. Só belangrik is ons gebede vir God.

<u>VERS 6-10</u>:

In hierdie verse gee die skrywer aandag aan die belangrikste voorskrifte. Wat moes die priesters alles doen?

In die *voorste gedeelte van die verbondstent* [6] moes hulle weekliks die twaalf brode, vervang, die Kandelare versorg en die reukoffers bring [vgl. Luk.1:8-22].

In vers 7 skuif die aandag na die Groot Versoendag. Wat moes die Hoëpriester alles hier doen? Die hele seremonie, waar versoening van sonde sentraal staan, word breedvoerig in Levitikus 16 beskryf.

> In diepe verootmoediging voor God, moes die hoëpriester in die begin al sy hoëpriesterlike versierings afhaal. Ontdaan van al die prag en praal, moes hy die eenvoudige wit linnekleed van 'n gewone priester aantrek.
>
> Daarna is 'n jong bul geoffer vir die sonde van die hoëpriester en die ander priesters. Van daardie bloed saam met die reukwerk is in die Allerheiligste ingeneem. Daar het hy die reukwerk op 'n pan kole gehou om om 'n wierookwolk te vorm. Die bloed is dan op die voorkant van die versoendeksel besprinkel en ook nog sewe keer op die grond voor die versoendeksel.
>
> Later is die offerbloed van twee bokramme op dieselfde wyse in die Allerheiligste herhaal – maar nou vir die sondes van die volk.
>
> Na dit alles, is 'n ander bok, met Israel se sonde op hom die woestyn ingestuur. Eers daarna kon die Hoëpriester weer sy amptelike klere aantrek. Priesterdom en tempel was weer gereinig. Die land was gesuiwer. Israel was opnuut geheilig vir God.
>
> Die opvallende is dat daar voor God nie eersterangse en tweederangse sondaars is nie. Hoëpriesters, priesters en volk is voor Hom gelyk.

Indien toegang tot die tabernakel beperk was tot priester en hoëpriester, was dit nog erger met die tempel in Jerusalem. In Jesus se tyd kon nie-Jode net tot in die Voorhof van die Heidene kom. Joodse vroue weer kon nie die Mannevoorhof betree nie. Die Israelitiese mans kon, op hulle beurt, net tot by die skeidsmuur van die Heilige self beweeg. Daaragter is net die priesters toegelaat terwyl slegs die hoëpriesters die Allerheiligste kon betreë. Maar laasgenoemde het slegs op die Groot Versoendag gebeur, een keer per jaar.
Die woorde *nie sonder bloed nie* [7] vestig die aandag daarop dat hierdie 'n bloedige offer was. Juis die bloed verduidelik dat die Bybel (en die Here) sonde in 'n ernstige lig beskou. Die heiligheid van God staan voorop.
Hebreërs beperk die versoenende werking van die Groot Versoendag tot *sondes wat die volk onwetend gedoen het* [7]. In Moses se wetgewing lees ons van die onopsetlike en die moedswillige sondes [Eks.21:13; Lev.4-5; Num.15:22-31]. Vir opsetlike of moedswillige sondes was daar nie vergiffenis nie. Die oortreders is met die dood gestraf.
Vers 8 is moeilik om te vertaal en te verklaar. Die gedeeltes wat onduidelik is, is die volgende:

- Die oopgaan van die pad na die Allerheiligste;
- Die bestaan van die voorste gedeelte van die verbondstent;

Die beste verklaring is heel moontlik die volgende:
Die skrywer het iets simbolies gesien in die feit dat die voorste gedeelte van die verbondstent die toegang tot die Allerheiligste versper het. Toe Jesus deur sy dood die Ou-Testamentiese kultus beëindig het, het die Heilige deel van die tabernakel/tempel sy plek verloor en is die toegang tot die Allerheiligste vir almal oopgemaak. Anders gestel: alle gelowiges het nou gelyke toegang tot die Allerheiligste, d.w.s. tot God self.
Vers 9 lig nog 'n ander probleem van die Ou-Testamentiese offerstelsel uit naamlik: dit kon nie 'n mens se *gewete* volkome gesondmaak nie [vgl. 10:1]. Gewete kom hier vir die eerste keer voor in Hebreërs. Gewete is daardie innerlike beoordelaar of regter wat my aankla of onskuldig verklaar.
Vers 10 verduidelik waarom die offers van die Ou-Testament 'n mens nie van jou innerlike gewetenslas kan bevry nie. Godsdiens moet 'n saak van die hart wees. Vryheid van jou gewete, vrede in jou hart en gemoed, berus op die innerlike sekerheid van volkome vergiffenis. Geen uiterlike offer kan hierdie sekerheid aan jou gee nie.
Al werklike hoop vir ware lewensbevryding was die *beter orde* waarvan vers 10 praat. Hierdie beter orde is Jesus Christus. Dit is hieroor wat ons skrywer vanaf vers 11 gaan praat.

B. <u>VRAE</u>.

1. Wat het jou in besonder geraak van hierdie gedeelte? Wat dink jy wil die Here hierdeur vir jou sê?

2. Lees vers 4a; Eksodus 40:26.
   In watter deel van die tabernakel staan die goue wierookbak volgens Eksodus 40:26?
   En volgens Hebreërs 9:4a?
   Waarom dink u het die skrywer hierdie verandering gemaak?

3. Lees vers 7.
   Gedurende watter seremonie het die Hoëpriester in die Allerheiligste van die tabernakel ingegaan?
   Wat staan sentraal tydens hierdie geleentheid? [Levitikus 16].

4. Gedurende die Groot Versoendag het die volgende gebeur:
   'n jong bul is geoffer vir die sondes van die priesters en die hoëpriester;
   twee bokramme is geoffer vir die sondes van die volk;
   'n bok vol bloed is die woestyn ingestuur;
   Wat dink u is die betekenis van dit alles?

5. Lees vers 9-10.
   Vers 9 lig 'n verdere probleem van die Ou-Testamentiese offerstelsel uit. Wat is die probleem?

6. Wat het Jesus vir ons sonde gedoen? [9:14-15; 22; 28].

7. Watter versekering het jy dat jou sondes volledig vergewe is? [10:14].

8. Wat veroorsaak dat gelowiges twyfel in vergewing van sondes?

C. ANTWOORDE.

1. Eie antwoord.
2. Volgens Eksodus 40 staan die wierookaltaar in die Heilige van die tabernakel, maar volgens Hebreërs 9:4a plaas die skrywer dit in die Allerheiligste deel van die tabernakel. Daar was 'n sekere Joodse tradisie wat die wierookaltaar na die Allerheiligste geskuif het. Heel moontlik volg die skrywer van Hebreërs hierdie tradisie. Waarom? Omdat die skrywer heelwat klem wou lê op die skoonheid en prag van die Allerheiligste. Alles van suiwer goud wat die heerlikheid van God beklemtoon [5], word in die Allerheiligste geplaas. Daarmee saam moet ons onthou dat daar in Israel 'n sterk band was tussen die wierookoffer en gebed. Daarom beskou die skrywer ons gebede as 'n reukoffer voor die troon en dat hierdie reukoffer, omdat dit in die Allerheiligste staan, God direk bereik.
3. Dit is die Groot Versoendag wat een maal per jaar plaasgevind het. Die versoening van sonde staan sentraal.
4. Die priesterdom en die tempel was weer van sonde gereinig.
   Israel was opnuut geheilig vir God.
   Die land was gesuiwer.
   Die opvallende is dat daar vir God nie eersterangse of tweederangse sondaars is nie. Hoëpriester, priester en volk is gelyk.
5. Dit kan nie jou gewete volkome gesond maak nie. Jou7 sonde bly jou aankla voor God.

6. Hy het met sy bloed vir ons sonde betaal. Dit beteken dat Jesus se offer volkome is. Hy bevry ons van al die dade (sonde) wat ons doen. Hierdie sondevergiffenis verander 'n mens se lewe radikaal. Mense kan nou die lewende God sonder enige skuldgevoelens dien. Dit gee rus en vrede vir ons gemoed en gewete.
7. Ons is vir Christus afgesonder en is daarom spesiaal. Jesus se offer was volkome volgens God se wil. Dit was Jesus, die Seun van God, wat Homself geoffer het. Sy offer was eenmalig en vir altyd. Daarom maak Hy ons permanent van sonde vry.
8. Eie antwoord.

****